**9 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 59**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 59:7, 15**

**Misdadigers het nie 'n kans teen God nie**

Dawid bid in Psalm 59 in 'n misdaadsituasie. Dit is nie lank na Dawid se wonderlike oorwinning oor die supersoldaat, Goliat, nie. Saul se aanvanklike vreugde en trots het baie gou intense jaloesie geword. Daarom gee hy opdrag aan 'n moordbende om Dawid te gaan doodmaak. Dawid verneem egter van dié opdrag en ontsnap met die hulp van sy vrou Mikal (vergelyk 1 Sam. 19:11 e.v.).

Sekerlik sou Dawid gebid het terwyl die doodswolke om hom saamgepak het. Later sou hy God dank het vir die verlossing en sy aanvanklike gebed op skrif stel. In sy gebed beskryf Dawid moordenaars as mense wat altyd weer in die aand terugkom en "grom soos honde" (vs. 7, 15). Hulle is hoogmoedig, lieg en vervloek (vs. 13). Hulle dink niemand hoor of bemerk hulle nie (vs. 8). Dit is dikwels die fout wat misdadigers maak.

Natuurlik is Dawid bang vir die misdadigers wat sy bloed soek, maar hy krimp nie inmekaar van vrees nie. Hy vra die Here om hom weer te red, soos dikwels vantevore. Daarby aanvaar hy sy eie verantwoordelikheid en maak planne. Die Here seën Dawid se planne. Hy sak deur 'n weggesteekte venster af en ontglip. Hy dank God!

Soos Dawid moet ons bid om redding uit misdaad, maar self ook ons plig doen. God het 'n behae daarin om ons inisiatiewe te seën. Ons is mos na sy beeld geskape en bevoeg om planne te maak!

*Sing: Psalm 33:11 (1936-beryming)* *Dr Klasie Heystek (Emeritus)*